



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018



MEGANIESE SNOEI VAN WYNDRUIWE

1. ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN MEGANIESE SNOEI

Hand-snoei is arbeids- en koste-intensief en daarmee saam word bekwaame en produktiewe snoeiers toenemend skaarser, weens verstedeliking. As gevolg hiervan word die snoeiproses van wingerd in die buiteland toenemend gemeganiseer. Selfs hier in Suid-Afrika word meer en meer wingerde ontwerp vir meganiese snoei en word dit reeds op groot skaal in areas soos die Breederiviervallei toegepas.

1.1 Algemene riglyne vir snoei:

- Snoei is, naas oes, die mees arbeidsintensiewe praktyk op 'n wingerdplaas.
- Snoei kan oor 'n langer periode as oes plaasvind – vanaf blaarval tot bot, dikwels 'n periode van vyf maande.
- Snoei word in verskillende aksies verdeel soos voorsnoei, skoonsnoei en stompsnoei, wat ook op verskillende tye toegepas kan word.
- Hierdie aksies kan in verskillende kombinasies gedoen word of as een proses gelyktydig afgehandel word.
- Daar is 'n ou gesegde: “snoei vroeg vir lote, snoei laat vir duiwe”.
- By kultivars wat aan vertraagde uitbot onderhewig is, is dit raadsaam om laat, asook terselfdertyd skoon en stomp te snoei.
- Daar is produsente wat vroeg voorsnoei (borselkop), vroeg skoonsnoei en dan laat, net voor bot, stompsnoei. Hierdie kombinasie van aksies veroorsaak dat die waterlote eerste uitbot – die ogies op die tappies is dan nog slapend; selfs ongeskoolde arbeid kan dan ingestuur word om alles wat reeds gebot het, weg te suier.
- Al die bogenoemde snoei-aksies verg egter kundige arbeid en die skaarsheid daaraan bring mee dat al hierdie riglyne soms nie tydig toegepas kan word nie.

1.2 Meganiese snoei in Suid-Afrika:

- In die warmer en hoër produserende wynbougebiede in Suid-Afrika word heelwat meganies gesnoei. In die koeler en minder groeikragtige wynbougebiede word daar hoofsaaklik net van meganiese voorsnoei gebruik gemaak.
- Die oorwegend goeie grond met besproeiing en gevolglik sterk groeikrag in gebiede soos Oranjerivier, Olifantsrivier, Breedekloof, Worcester, Robertson en die Klein Karoo, maak die wingerde in hierdie areas uiters geskik vir meganiese snoei.



Figuur 1. Wingerd wat meganies gesnoei is. (Foto: Robert Stolk)

- Gedeeltelike meganisasie van snoei soos die gebruik van lugdruk- en battery- snoeiskêre word ook plaaslik gebruik.
- Lugdruk-skêre het die nadeel dat die kompressor wat die druk verskaf aan 'n trekker gekoppel word, wat in die winterreëngediede nadelige grondkompaksie tot gevolg kan hê. Verder word die spoed waarmee die trekker vorentoe beweeg deur die snoeitempo van die stadigste snoeier in die span bepaal. Nog 'n nadeel van hierdie stelsel is dat as die sneller van die skêr getrek word, dit nie gestop kan word nie. Vingers en drade kan sodoende in die slag bly.
- Battery-skêre wat aan die lyf van die individuele snoeier gedra word en waarvan die kragbron oornag aangevul word, is deesdae baie gewild. Elke snoeier kan in hierdie geval dus sy eie tempo bepaal. 'n Verdere voordeel van die elektriese meganisme is dat die snoeier beheer oor die knip-aksie het. Sodra daar weerstand soos 'n draad gevoel word, kan die sneller gelos word, wat skade voorkom. Sommige produsente gebruik dit om mense vooruit te stuur om die dik kerse en arms af te snoei wat moeilik met 'n handskêr gesny kan word. Hierdie skêre raak ook al hoe meer gewild, aangesien dit die produktiwiteit van die snoeier met tot 40% verhoog. Deesdae bestaan daar battery-skêre met 'n handskoen wat elektronies verhoed dat die gebruiker 'n vinger kan raakknip. 'n Algemene beperking van battery-skêre is dat die batterye herlaai moet word en die batterye het 'n beperkte hoeveelheid operasionele ure. Hierdie skêre is ook baie duur.
- Proewe in Suid-Afrika het getoon dat alternatiewe snoeimetodes soos meganiese, minimum- en geensnoei, 'n groot besparing in die koste van arbeid tot gevolg gehad het en sodoende die produksiekoste van wyndruiwe aansienlik verlaag het. Die groeikrag by al die kultivars van die drie verskillende proewe was swakker. Alhoewel die korrelmassa, -volume en die tros grootte by al die alternatiewe snoeistelsels kleiner was, was daar meer trosse, wat die produksie verhoog het, teenoor die handsnoei-behandeling. Die gehalte van hierdie hoër produksie was dieselfde of selfs beter. Daar is egter kultivarverskille. Cabernet Sauvignon, Pinotage en Chardonnay het die beste aangepas by die alternatiewe snoeimetodes. Daarteenoor het Sauvignon blanc en Merlot swakke aangepas – hulle verkies koeler rypwordingstoestande. Die prestasie van Chenin blanc, Colombard, Shiraz en Ruby Cabernet was aanvaarbaar. Dit maak hulle goeie kandidate vir alternatiewe snoei, veral as die ekonomie in ag geneem word.
- Daar is ook by hierdie tipes snoeistelsels gevind dat die binne-pale nie verder as 6 meter uit mekaar moet wees nie. Addisionele bemesting en besproeiing is ook noodsaaklik. As gevolg van die groter hoeveelheid en kleiner trossies, noodsaak hierdie stelsels ook meganiese oes.

1.3 Meganiese snoei in die res van die wêreld:

- Ongeveer 65% van Australiese wyndruiwe word meganies gesnoei. Daar is oorspronklik baie van die wye beweegbare opleistelsels van 0.9-1.2 m wyd gebruik, wat met vertikale skud-aksie-oesmasjiene geoes was. Omdat hierdie stelsels nie goed by meganiese snoei aangepas is nie, is daar later oorgeskakel na preeelstelsels met vertikale lootposisionering. Dit is vervang met 'n hoë enkeldraad, smal T-stelsel of 'n hoë tweedraad vertikale opleistelsel met twee of selfs vier laterale kordonne. Die hoogte van die kordondraad is minimum 1.2 m bokant die grond en dikwels word twee kordondrade bymekaar gebruik om die groter gewig van die stelsel te dra.
- Meganiese snoei in Australië is beperk tot twee tipes:
 1. Heiningsnoei – waar die stok in 'n horisontale en vertikale vlak relatief naby die kordon gesnoei word. Hierdie aksie kan aangedryf word met 'n heen-en-weer-aksie deur 'n Pitman-aksie (lusersnyer) of deur sirkulêre saaglemme wat met hidrouliese motors aangedryf word. In hierdie geval word tussen 120 en 500 ogies per stok gelaat. Dit word in baie gevalle opgevolg met 'n handskoonmaak wat volgens die literatuur onnodig is.
 2. Minimumsnoei – met 'n hoë (≥ 1.2 m) een of twee-draad vertikale stelsel. In hierdie metode word die winterlote 30-40 cm vanaf die grond ingekort (dikwels net bokant die drupperdraad) om meganiese oes te vergemaklik. In hierdie geval word tussen 1 000 en 1 500 ogies per stok gelaat. Die lengte van draers wissel van baie kort tappies tot lang draers van 10-14 nodes.
- Daar bestaan Italiaanse stelsels wat ten volle meganies gesnoei kan word sonder om enige hand-aksies te gebruik. Die dubbelgordyn en KOMBI stelsels is voorbeelde hiervan. Die sogenaamde vry kordon en klassieke kortdraerkordon kan beide ook meganies gesnoei word. Wingerde waarin daar nie gemeganiseer word nie, benodig 400-500 man-ure/ha per jaar, waarvan 80-90% vir oes en snoei gebruik word. Daarteenoor, in meer moderne verbouingstelsels, word 300-350 man-ure/ha per jaar benodig waarvan 60-70% vir oes en snoei gebruik word. Volle meganisasie van oes en snoei verminder die hande-arbeid na slegs 50 man-ure/ha per jaar en dan word 'n addisionele 100 man-ure/ha per jaar vir suier, blaaruitdunning en druiwe-afgooi benodig.